# Mikro Graad R

| Dag 1: 15 Junie | | |
|---|---|---|
| **Leerarea** | **Opdrag** | **Benodighede** |
| **Breinoefening** | Kyk die video, sing en dans saam. | Kyk die video "Breinoefeninge Week 9" vir voorbeelde.<br><br>https://www.youtube.com/watch?v=L89nN03pBzI&vl=en |
| **Huistaal** | 1. Hersien klanke: Klanke Hop Scotch:<br>Skryf die klanke (w,v,m,n,t,r,l,h,o) elkeen op 'n A5 papier. Pak dit uit soos Hop Scotch en wanneer kind spring op elke klank moet hy dit noem. Om hom meer uit te daag moet hy 'n woordjie sê wat met daardie klank begin.<br><br>2. Kyk die video vir die nuwe klankie. Oefen die skryf daarvan.<br><br>3. Gebruik die robotkaart, trek dit eers met jou vinger. Skryf dan met jou vinger die klankie op jou been en op die grond.<br><br>4. Maak die a-klankie uit klei uit. | 1. Skryf klanke op A5 papier.<br><br>2. Kammaland a - video<br><br>3. a-Robotkaart |
| **Bespreking of Kreatief (LV)** | <u>BESPREKING</u><br>Tema: Insekte<br>1. Hoe lyk 'n insek?<br>– Kop, borsstuk, agterlyf, 6 pote<br>– Alle insekte se liggaamsbou is dieselfde, maar sommige insekte het vlerke of angels | <u>BESPREKING</u><br>Bespreking Dag 1 video<br>**<u>OF</u>**<br>Bespreking Dag 1 PDF<br><br><u>KREATIEF</u> |

| | | |
|---|---|---|
| | 2. Soorte insekte<br>– Daar is so baie soorte insekte. Ons kyk na 'n paar algemene insekte.<br><br><u>KREATIEF</u><br>Teken enige insek lekker groot op 'n blad met swart potlood of kryt. Onthou hoe die liggaamsbou van 'n insek lyk. Kleur dit netjies in. | A4 wit blad<br>Swart potlood of kryt<br>Inkleur kryte |
| **Dag 3: 17 Junie** | | |
| **Leerarea** | **Opdrag** | **Benodighede** |
| **Breinoefening** | Wat is ek?<br>Mamma beskryf verskillende goed wat die kind dan moet raai wat dit kan wees. Bv:<br>-Ek het 'n harde dop, ek kan gekook en dan geëet word. 'n hoender lê my. eier<br>-Ek is 'n dier met 4 pote, swart en wit strepe en ek is familie van die perd. sebra<br>-Ek is rond, ek kan gegooi, gerol en geskop word. Ek kan enige kleur wees. bal<br>-Jy dra my aan jou voete, ek kan veters hê. My onderkant noem jy 'n sool. skoene | Niks word benodig nie. |
| **Huistaal** | 1. Lees die Rympie en beantwoord die vragies daaroor.<br>-A is vir ...?<br>-Hoeveel keer moet jy 'n appel eet?<br>-Wat gebeur as jy 'n appel elke dag eet?<br>-Hoe lyk klein a se magie? | 1. Lees A-rympie PDF<br><br>2. tydskrif/koerant, prit, A4 papier, skêr |

| | | |
|---|---|---|
| | 2. Gebruik 'n tydskrif en soek 5 prentjies wat met die klankie a begin. Knip dit uit en plak dit op 'n A4 papier. Soek ook die klankie a om bo-aan die bladsy te plak. | |
| **Bespreking of Kreatief (LV)** | BESPREKING<br>Waar bly insekte en wat eet hulle?<br><br>KREATIEF<br>Teken 17 sirkels met swart potlood / uitdraai kryt en kleur dit as volg in:<br>2 pers<br>2 bruin<br>6 geel<br>1 groen<br>4 pienk<br>Knip dan elke sirkel uit en hou eenkant vir môre se Wiskunde les. | BESPREKING<br>Bespreking Dag 2 video<br>**OF**<br>Bespreking Dag 2 PDF<br><br>KREATIEF<br>2x Wit A4 papiere<br>Swart potlood<br>Uitdraai kryte<br>Skêr |
| **Dag 4: 18 Junie** | | |
| **Leerarea** | **Opdrag** | **Benodighede** |
| **Breinoefening** | Sal jy eerder?<br>Vrae vragies wat kind dan antwoord, bv. "Sal jy eerder..."<br>-lekkers of skyfies (chips) eet?<br>-wil kan vlieg of die sterkte spiere hê?<br>-'n baie harde of baie sagte stem wil hê?<br>-eendag 'n bekende sanger of 'n bekende akteur wil wees?<br>-met diere wil praat of deurskynend wil wees?<br>-'n baie harde of baie sagte stem wil hê? | Niks word benodig nie. |

| | | |
|---|---|---|
| **Wiskunde** | <u>Hersien leerareas deel I</u><br>Dae van die week – vandag, môre en gister<br>Skat 'n aantal insekte en tel die insekte vir ware hoeveelheid<br>Hoe om die optekeningstabel te lees<br>- Elke insek het 'n huisie, hulle mag nie gemeng word nie.<br>- Tel nie die katogorië by nie, net die insekte na die rooi lyn.<br>Meeste, minste en ewe veel<br>- Rangskik nou jou getekende en uitgeknipte sirkels van die minste na die meeste.<br>- Rangskik nou jou getekende en uitgeknipte sirkels van die meeste na die minste<br>Meer as en minder as<br>- Hoeveel groen sirkels moet ek bysit sodat daar ewe veel groen is as pers en bruin?<br>- Hoeveel meer pienk is daar as die pers?<br>- Hoeveel meer geel is daar as pienk?<br>- Hoeveel is die groen minder as die pers?<br>- Hoeveel is die bruin minder as die pienk?<br>- Hoeveel is die pienk minder as die geel?<br><u>WENK</u>:<br>*die beste om hierdie konsep beter te verstaan is ook om die woordeskat "hoeveel is te veel" of "hoeveel is te min" te gebruik.<br>*wanneer 2 kleure met mekaar vergelyk word, is dit makliker om te kyk hoeveel jy sou moes bysit of wegvat sodat die kleure ewe veel kon wees. | - Hersien leerareas deel I<br>Die ingekleurde en uitgeknipte sirkels van Woensdag se kreatiewe werk. |
| **Dag 5: 19 Junie** | | |
| **Leerarea** | **Opdrag** | **Benodighede** |

<table>
<tr><td>Breinoefening</td><td>‘n Geheime handskud<br>Maak met iemand in die gesin ‘n “secret handshake” op maar julle hande mag nooit aanmekaar raak nie.</td><td>Niks word benodig nie.</td></tr>
<tr><td>Motoriek en Musiek (LV)</td><td><u>Motoriek:</u><br>Rek en strek jou lyfie met “insek-yoga” - Motoriek PDF.<br><u>Musiek (The ants go marching):</u><br>Maak die skakel oop en marsjeer op die ritme saam met die miere.<br>https://youtu.be/2S__fbCGwOM<br>Gaan soek nou ‘n item in mamma se huis waarmee jy ritme kan hou. (Byvoorbeeld: plastiekbak of ‘n pot met ‘n houtlepel, ‘n koeldrankbottel met rou rys of bone in.)<br>Luister weer na die liedjie en hou ritme met jou instrument.<br>Jy kan nou ‘n derde keer na die liedjie luister en ritme hou met jou instrument terwyl jy marsjeer.</td><td>Motoriek PDF<br><br>https://youtu.be/2S__fbCGwOM</td></tr>
<tr><td>Bespreking of Kreatief (LV)</td><td><u>BESPREKING</u><br>Die lewensiklus van ‘n skoenlapper<br>Na afloop van die video, kan leerders na die oulike storie kyk.<br>https://www.youtube.com/watch?v=tYa6OLQHrEc&t=2s<br><br><u>KREATIEF</u><br>Ryg ‘n ruspe met pasta<br></td><td><u>BESPREKING</u><br>Bespreking Dag 5 video<br><u>OF</u><br>Bespreking Dag 5 PDF<br><br><u>KREATIEF</u><br>Tou / wol<br>Pasta<br>Klein sirkel vir die ruspe se kop</td></tr>
<tr><td colspan="3">Luister en Leer (groenboek)</td></tr>
</table>

Ons vertrou dat u in die 3 weke wat daar geen “groenboek” werk was nie, kon inhaal. Voltooi dus vir die week, Week 16 bl 38 en 39